13. EK'S 'N DAPPER MUIS

(Trad., Zuid-Afrika)

Refrein:
Ek's 'n dapper muis,
Kyk hoe stap ek deur die huis
En daar's niks waarvoor ek skrik nie,
Vir niemand is ek bang daar is niks wat my kan vang
nee, daar's niks waarvoor ek skrik nie.

En se nou daars 'n kat? 'n Kat?
Ja, 'n kat met gruis
Wat altyd hunker na 'n muis
Nou ja, buiten vir 'n kat
Is daar niks waarvoor ek skrik nie!

Refrein:
En se nou daars 'n valletjie 'n Valletjie?
'n Ding wat val met 'n gruwelike knal!
Nou jaa, buiten vir 'n kat en 'n valletjie …
Is daar niks waarvoor ek skrik nie!

Refrein:
En se nou daars 'n uil! 'n Uil?
Ja, 'n uil van wie muise altyd skuil?
Nou ja buiten vir 'n kat en 'n valletjie en 'n uil – is daar niks waarvoor ek skrik nie

Refrein:
En wat van 'n lawaai, soos 'n haan wat kraai
En 'n gebreek en 'n gekraak en iets wat tjiep tjiep maak
En 'n getjingel en 'n getingle en 'n gekletter en 'n gekletter
En 'n boems en 'n kadoems!
Is daar niks waarvoor ek skrik nie!

Refrein:
Ag jy jok!